

AFDELING A

VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die opsie wat jy gekies het in die ruimte wat verskaf is aan die einde van elke bladsy te skryf.

1.1 'n Voorbeeld van 'n eksterne belanghebbende is ...

- A hulpbronne.
- B strategie.
- C verskaffer.
- D organisasiestruktuur. (2)

1.2 Watter een van die volgende faktore is **NIE** deel van die PESTLE-analise nie?

- A Werknemermotivering
- B Wisselkoerse
- C Wet op Arbeidsverhoudinge
- D Omgewingsbewustheid (2)

1.3 Die doel van 'n besluitnemingsboom is om ...

- A moontlike uitkomst te assesser, gegrond op waarskynlikheid.
- B die grondoorsaak van 'n uitdaging waarvoor die besigheid te staan gekom het, te bepaal.
- C die aktiwiteite in die besigheid te illustreer.
- D interne en eksterne uitdagings te vergelyk. (2)

1.4 Watter een van die volgende is **NIE** 'n plig van die Menskapitaalafdeling nie?

- A Personeelontwikkeling en -opleiding
- B Toepassing van dissiplinêre prosedures
- C Identifisering van klantendense
- D Prestasiebeoordelings (2)

1.5 'n Pos wat toegewys word, gegrond op sy take en verantwoordelikhede, staan bekend as ...

- A posklassifikasie.
- B posbeskrywing.
- C werksoekery.
- D posontleding. (2)

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5

- 1.6 Watter een van die volgende is **NIE** 'n vereiste vir 'n applikant wanneer vir 'n pos by Game aansoek gedoen word nie?
- A Aansoekvorm
 - B Dekbrief
 - C Curriculum Vitae (CV)
 - D Goedkeuringsbrief van die Departement van Arbeid (2)
- 1.7 Die praktyk om mense in diens te neem wat reeds in diens van die besigheid is, is ...
- A keuring.
 - B induksie.
 - C interne werwing.
 - D waardebeplanning. (2)
- 1.8 Konstruktiewe afdanking kom voor wanneer ...
- A 'n werkgewer dit moeilik vir 'n werknemer maak om met sy/haar daaglikse pligte aan te gaan.
 - B 'n besigheid nie meer 'n werknemer kan betaal nie.
 - C 'n werknemer gevang word dat hy/sy steel.
 - D 'n werknemer sy/haar werk weens onbevoegdheid verloor. (2)
- 1.9 Die bestuur van Makro gebruik totale bates : totale laste as 'n meting van ... wanneer gehalte van prestasie gekontroleer word.
- A solvensie
 - B winsgewendheid
 - C likiditeit
 - D hefboomfinansiering (2)
- 1.10 Watter een van die volgende instellings of organisasies is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n aanvaarbare riglyn vir volhoubare openbaarmaking?
- A Suid-Afrikaanse Reserwebank
 - B Globale Rapporteringsinisiatief
 - C Sentrale Statistiese Dienste
 - D Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (2)

1.6	1.7	1.8	1.9	1.10

- 1.11 Die verantwoordelikheid van 'n direkteur is om te verseker dat ...
- A daar voldoening aan toepaslike wette is.
 - B behoorlike risikobestuursprosedures gevestig is.
 - C hy/sy in die beste belang van die betrokke belanghebbendes optree.
 - D Al die bogenoemde. (2)
- 1.12 'n ... reik 'n instruksie uit oor hoe konflik opgelos moet word wat bindend op die betrokke partye is.
- A Arbitrer
 - B Bemiddelaar
 - C Onderhandelaar
 - D Franchisegewer (2)
- 1.13 Een van die perspektiewe van die Gebalanseerde Telkaart is ...
- A prestasiegaping.
 - B leer en groei.
 - C herstrukturering van die besigheidsproses.
 - D hefboomfinansiering. (2)
- 1.14 'n Opbrengs wat 'n belegger aangebied word wat fondse in 'n vaste deposito belê het, sal ... wees.
- A dividende
 - B rente
 - C aandele
 - D depresiasie (2)
- 1.15 'n Nadeel van franchising as 'n model van groei is ...
- A die franchisegewer se beeld is op die spel.
 - B skaalverspillings kan ontstaan.
 - C entrepreneurspotensiaal van franchisenemers word nie ten volle benut nie.
 - D botsing van korporatiewe kulture. (2)

1.11	1.12	1.13	1.14	1.15

- 1.16 Hierdie probleemoplossingstegniek help die bestuurder in Woolworths om 'n besluit te neem gegrond op die voor- en nadele van 'n moontlike oplossing vir 'n probleem.
- A PESTLE-werktuig
 - B Waardekettinganalise
 - C Kaart van voor- en nadele
 - D Al die bogenoemde (2)
- 1.17 Wanneer 'n bestuurder in Pick n Pay 'n kassier hanteer wat nie van verandering hou nie, sal dit die beste wees om ...
- A te probeer verduidelik hoe alle personeellede by die veranderings sal baat.
 - B aan die personeellid 'n bevordering aan te bied.
 - C met die personeellid saam te stem en alle veranderings wat plaasvind te staak.
 - D nog meer veranderings in die besigheid aan te bring. (2)
- 1.18 Watter een van die volgende word **NIE** as 'n besigheidstrategie beskou nie?
- A Lae koste
 - B Differensiasie
 - C Afname
 - D Ondersoek (2)
- 1.19 Klante beskik oor 'n hoë vlak van mag wanneer ...
- A die besigheid baie plaasvervangerprodukte in die mark het.
 - B die besigheid baie groot kliënte het.
 - C daar 'n paar verskaffers in die mark is.
 - D die regering toegang tot die mark beheer. (3)
- 1.20 Markpenetrasie is 'n ... wat op verkoop van ... produkte in ... markte fokus.
- A laerisiko-strategie, bestaande, bestaande
 - B mediumrisiko-strategie, bestaande, nuwe
 - C hoërisiko-strategie, nuwe, nuwe
 - D mediumrisiko-strategie, nuwe, bestaande (3)

1.16	1.17	1.18	1.19	1.20

- 1.21 Bemarkers by Pick n Pay sal heel waarskynlik afslag op produkte aanbied wanneer ...
- A die produk min mededinging in sy mark van ander produkte het.
 - B ontwikkelings- en produksiekoste vir die produk hoog is.
 - C 'n markdifferensiasiestrategie gebruik word om die produk te bemark.
 - D die besigheid baie voorraad van die produk het. (3)
- 1.22 Wanneer 'n huidige werknemer leiding en hulp aan 'n nuwe werknemer verskaf, staan dit bekend as ... wat beskou kan word as ...
- A oriëntering, buitediensopleiding.
 - B mentorskap, indiensopleiding.
 - C mentorskap, buitediensopleiding.
 - D toesig, buitediensopleiding. (3)
- 1.23 Die komponente wat gebruik word om die risikoprofiel van 'n belegging te bepaal, is ...
- A beleggingstydraamwerk; grootte van belegging met betrekking tot beleggers se portefeulje; opbrengskoers.
 - B beleggingstrategie; volhoubaarheid van belegging; diversifikasie.
 - C voldoening aan die WVB; makelaarsgelde; kapitaalwinstbelasting.
 - D SEB-voldoening; herversekering en derdeparty-eise. (3)
- 1.24 Watter van die volgende faktore sal Spar oorweeg wanneer die prys van 'n produk bepaal word?
- (i) Produk vraag
 - (ii) Mededinging
 - (iii) Doelwitte
 - (iv) Bestuursbonusse
- A (i)
 - B (i) + (ii)
 - C (i) + (ii) + (iii)
 - D (i) + (ii) + (iii) + (iv) (3)

1.21	1.22	1.23	1.24

[54]

VRAAG 2

Kies die **mees korrekte antwoord** van die terme in die onderstaande tabel wat die beste by die stellings wat volg pas.

Skryf die **mees korrekte antwoord** in die ruimte wat in elke stelling verskaf is.

Let wel: Daar is slegs een korrekte antwoord vir elke stelling.

Markwaarde	Wanfunksionele konflik	Winsgewendheidsverhoudings
Bemaking	Wet op Arbeidsverhoudinge	Missiestelling
Manekragbeplanning	Aflegging	Doelwitbeplanning
Visie	Funksionele konflik	Aanspreeklikheidsverhouding
Wet op Vaardigheidsontwikkeling	Vuurproefverhouding	Aftrede
Omgewingsonderzoek	Markaandeel	Bedryfsverhoudings
Ekonomiese ondersoek	Wet op Gelyke Indiensname	Bestuur

- 2.1 Die _____ vergelyk 'n maatskappy se korttermynbates met sy korttermynlaste indien 'n maatskappy genoeg kontant het om vir onmiddellike laste te betaal.
- 2.2 _____ is 'n tipe ontslag wanneer die werkgewer die besigheid se behoeftes nagaan om wins te verhoog of verlies te beperk, wat tot die vermindering van werknemers lei.
- 2.3 'n Aktiwiteit wat 'n besigheid onderneem om die koop of verkoop van 'n produk of diens te bevorder, staan bekend as _____.
- 2.4 'n _____ omskryf hoekom 'n organisasie bestaan en wat die algehele bedryfsdoel is.
- 2.5 Die proses om inligting oor gebeure en hul verbande in 'n organisasie se interne en eksterne omgewings in te samel, is _____.
- 2.6 _____ is 'n finansiële metriek wat deur beleggers gebruik word om die vermoë van 'n besigheid te evalueer ten einde inkomste met betrekking tot verdienste te genereer.
- 2.7 _____ is die persentasie van 'n nywerheid in rekening gebring deur 'n spesifieke entiteit.
- 2.8 _____ is 'n meningsverskil of spanning in 'n groep wat tot positiewe resultate lei.
- 2.9 _____ is die proses om die optimum aantal mense te beraam wat nodig is om 'n taak te voltooi of 'n doel in 'n bepaalde tydperk te bereik.
- 2.10 Die _____ is die wet wat verseker dat alle werknemers gelyke geleentheid kry en billik deur hul werkgewers behandel word.

[20]

VRAAG 3

Kies die term tussen hakies wat die stelling **WAAR** maak. **Onderstreep jou antwoord.**

- 3.1 Die (**waardekettinganalise / Delphi-tegniek**) behels die proses van denke oor die verskillende maniere waarop die besigheid die doeltreffendheid van produksie kan verbeter.
- 3.2 Die (**makro-omgewingsbenadering / hulpbrongebaseerde benadering**) tot probleemoplossing word gebruik om die strategiese bates in 'n besigheid te assesseer.
- 3.3 (**Vermyding / Kompromie**) beteken die partye in 'n konfliktsituasie vind 'n middeweg waar ideaal gesien albei partye tevrede met die uitkoms is.
- 3.4 (**Prosedurele billikheid / Wesenlike billikheid**) handel oor die formele handelswyse wat deur die wet voorgeskryf word en deur 'n werkgewer gevolg moet word voordat 'n werknemer ontslaan word.
- 3.5 (**Kollektiewe bedinging / Arbitrasie**) verwys na die proses wat plaasvind wanneer die werkgewer en vakbond oor die bepalings van indiensneming onderhandel.
- 3.6 Voor 'n staking kan plaasvind moet die kwessie waaroor werkers wil staak na die (**KVBA / CYMA**) verwys word.
- 3.7 'n (**Jaarlikse opleidingsverslag / Korttermynoorstig**) toon die vordering wat in die vorige jare se Werkplekvaardigheidsprogram gemaak is.
- 3.8 'n (**Leier / Bestuurder**) word in 'n gesagsposisie aangestel wat hom/haar in staat stel om daarop aan te dring dat mense sy/haar opdragte uitvoer.
- 3.9 (**Toerekenbaarheid / Gesag**) verwys na die persoon wat verantwoordelikheid vir sy/haar optrede aanvaar.
- 3.10 Volgens die (**beginselgebaseerde teorie / gevolggebaseerde teorie**) sal die uitkoms van die handeling bepaal of die handeling eties is of nie.
- 3.11 (**Konflikbestuur / Beheerbestuur**) is die proses om die negatiewe aspekte van 'n meningsverskil tussen partye te beperk terwyl die positiewe aspekte van die verskil verhoog word.
- 3.12 (**Terugwaartse integrasie / Voorwaartse integrasie**) is 'n strategie waar 'n besigheid 'n verskaffer van grondstowwe wat nodig is in die produksie van sy eindprodukte oorneem of daarmee saamsmelt.
- 3.13 'n (**Onderhandeling / Argument**) is 'n dialoog tussen twee of meer mense of partye wat beoog om 'n voordelige uitkoms te bereik.

[26]

100 punte

4.3 Definieer elk van die **bestuursbevoegdhede** wat hieronder gelys is en bespreek kortliks hoe elkeen van hierdie bevoegdhede deur bestuurders gebruik kan word om te verseker dat Spar voor kan bly met tendense in kleinhandel in Suid-Afrika.

4.3.1 Globale bewustheid

Definieer:

(2)

Bespreek:

(3)

4.3.2 Bemagtiging en talentontwikkeling


Definieer:

(2)


Bespreek:

(3)

4.4 Voltooi die diagram hieronder oor **leierskapstyle**.



4.5 'n Besigheid soos Spar moet dikwels **etiese dilemmas** hanteer. Voltooi die vloedigram hieronder.



4.6 Definieer die term '*werknemer motivering*'.

(2)

4.7 4.7.1 Noem twee **monetêre motiverings**faktore:

- _____
 - _____
- (2)

4.7.2 Noem twee **niemonetêre motiverings**faktore.

- _____
 - _____
- (2)
[50]

VRAAG 5

Lees die volgende uittreksel voordat die vrae wat volg beantwoord word.



Pick n Pay praat van 'n 200% aanlyn oplewing gedurende Covid-19

Kleinhandelsreus Pick n Pay het 'n enorme piek in sy aanlyn segment beleef sedert die landwye Covid-19-inperking van krag geword het.

"Ons verbeterings verlede jaar om 'n sterker aanlyn bedryf te skep, het ons in staat gestel om ons aanbod in reaksie op hierdie vraag uit te brei. Ons span het vinnig sy kapasiteit vergroot en aan die behoeftes van baie nuwe klante voorsien."

[Bron: <<https://www.itweb.co.za/content/dgp45qa6XEkvX9I8>> 20.11.2020]

5.1 Bespreek hoe Pick n Pay van die volgende strategieë gebruik kan maak om hul aanlyn besigheidsegment te laat groei.

(a) Korporatiewe kombinasiestrategie:

(3)

(b) Horisontale integrasiestrategie:

(3)



5.2 Met inagneming van die groei wat Pick n Pay deur sy aanlyn segment gesien het, was daar etlike uitdagings waarvoor Pick n Pay te staan gekom het.

Die onderstaande tabel beklemtoon sommige van hierdie moontlike **uitdagings** wat Pick n Pay teengekom het. Voltooi die tabel.

5.2.1 *Uitdaging: Om die regte werknemers te lok en in diens te neem.*

A: Identifiseer die besigheidsomgewing waar die uitdaging voorkom.

_____ (1)

B: Verduidelik die uitwerking van die uitdaging op Pick n Pay.

C: Bedink 'n strategie oor hoe Pick n Pay op die uitdaging kan reageer.

 _____ (2)

5.2.2 *Uitdaging: Die hoë vlak van mededinging in die aanlyn inkopiemark.*

A: Identifiseer die besigheidsomgewing waar die uitdaging voorkom.

_____ (1)

B: Verduidelik die uitwerking van die uitdaging op Pick n Pay.

C: Bedink 'n strategie oor hoe Pick n Pay op die uitdaging kan reageer.

 _____ (2)

5.2.3 *Uitdaging:* **Die klante se vlak van besteebare inkomste is minder weens die Covid-19-pandemie.**

A: Identifiseer die besigheidsomgewing waar die uitdaging voorkom.

_____ (1)

B: Verduidelik die uitwerking van die uitdaging op Pick n Pay.

C: Bedink 'n strategie oor hoe Pick n Pay op die uitdaging kan reageer.

 _____ (2)

5.2.4 *Uitdaging:* **Die vervoerinfrastruktuur in Suid-Afrika.**

A: Identifiseer die besigheidsomgewing waar die uitdaging voorkom.

_____ (1)

B: Verduidelik die uitwerking van die uitdaging op Pick n Pay.

C: Bedink 'n strategie oor hoe Pick n Pay op die uitdaging kan reageer.

 _____ (2)

6.4 Verduidelik die rol van die Reklamebeheerraad.

(2)

6.5 Verduidelik die rol van die menskapitaalfunksie onder die volgende opskrifte:

6.5.1 Werwing:

(3)

6.5.2 Oriëntering:

(3)

6.5.3 Vergoeding/werknemervoordele:

(3)

6.6 Game is 'n groot Suid-Afrikaanse werkgewer en dit is belangrik dat hulle die verskillende Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing ten volle verstaan.

Vir elk van die **wette** hieronder, bespreek die doel en die implikasies (positief of negatief) van die wetgewing vir die werkgewer of werknemer.

6.6.1 Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998:

Doel:

(2)

Implikasies (positief of negatief) van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998 vir die werkgewer of werknemer:

(4)

6.6.2 Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995:

Doel:

(2)

Implikasies (positief of negatief) van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 vir die werkgewer of werknemer:

(4)

6.6.3 Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997:

Doel:

(2)

Implikasies (positief of negatief) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 vir die werkgewer of werknemer:

(4)

[50]

150 punte

AFDELING C


Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte in hierdie afdeling toegeken word:

- Formaat:
 - Die **KORREKTE** formaat moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
 - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
 - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: Motivering van stellings wat gemaak is.
- Toepassing op gevallestudie/konteks.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintese en geskikte opeenvolging.

VRAAG 7


Bestudeer die volgende bronne voordat die vraag wat volg beantwoord word.

BRON A



[Bron: <<https://corporatefinanceinstitute.com/reBrons/knowledge/finance/budgeting/>> 20.11.2020]

BRON B



[Bron: <www.digitalcommerce360.com/2020/04/03/strategy-and-financial-planning-for-retailers> 20.11.2020]

Verwagte groei in die kleinhandelmark

Reële groei in die kleinhandelmark

